

28 Februarie

Skrifgedeelte: Handeling 23:1-11
Fokusgedeelte: Handeling 23:11

Van Jerusalem na Rome

Paulus bevind hom in Jerusalem aan die einde van sy derde sendingreis. Sedert sy eerste reis het 13 jaar verloop. By al die reise is die plaaslike kerk van Antiochië die beginpunt. Die einde van al drie reise is in Jerusalem, of die nabye omgewing.

Hy is in die tronk. Hy moet voor die Sanhedrin verskyn. Die klag: Hy het 'n heiden in die tempel ingebring. Maar dit is 'n vergissing: hulle het Trófimus van Efese die vorige dag saam met Paulus gesien en gemeen dat Paulus die onbesnedene in die tempel gebring het.

Hy kry geleentheid om homself te verdedig. Sy plan is om sy eie lewensloop te skets en duidelik te stel dat hy nie 'n onbesnedene in die tempel gebring het nie. Hy kyk die Raad in die oë en verklaar dat sy gewete skoon is. Voordat hy verder kon praat, beveel Ananias, die hoëpriester, dat iemand hom deur die gesig moes klap. Hierdie insident bevestig aan Paulus dat dit nutteloos is om voor die Raad geregtigheid te verwag. Meer nog, dit gaan om die kloof tussen hulle wat Jesus verwerp en gekruisig het en volhou dat hy dood is, en hulle wat Jesus gelowig aanvaar en weet dat Hy opgewek is uit die dode en verhoog is tot Here en Christus. Sy eie mense wil nie hoor nie! Daarom maak hy so gou moontlik 'n einde aan die klug voor die Joodse Raad.

Hy is goed bekend met die aanhoudende twis tussen Fariseër en Sadduseër oor die opstanding. Daarom roep hy uit: "Oor die hoop en die opstanding van die dode staan ek voor die gereg." Hierdie uitroep laat die ou twis opvlam. Die stryd raak só heftig dat die owerste oor duisend, Claudius Lísias, bevel gee dat Paulus met geweld uit die Raad weggeneem moes word en teruggebring moes word na die burg Antonia.

Die volgende nag het die Here aan Paulus gesê: "Hou goeie moed, Paulus, want soos jy aangaande My in Jerusalem kragtig getuig het, so moet jy in Rome ook getuig."

Moeilik om te sê of dit na binne of na buite was, maar God se missie gaan voort. Hy onderskraag en bemoedig sy medewerkers. Van Jerusalem na Rome! Dit laat ons weer dink aan Handeling 9:15: "... hy (Paulus) is vir My 'n uitverkore werktuig om my Naam te dra *voor nasies en konings en die kinders van Israel.*"

Sing: Psalm 81:12 (1936)

Ds. JJ de Kock (Vaalharts)